Saterdag **13 Januarie**

**Skrifgedeelte: Eksodus 32 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: Eksodus 32:34**

**God sal oortreders tot verantwoording roep**

*“Gaan dan nou, lei die volk na die plek waaroor Ek met jou gepraat het. Kyk, my engel gaan voor jou uit. Maar die dag wanneer Ek rekenskap eis, sal Ek hulle tot verantwoording roep oor hulle sonde.”*

Die tragiese gebeure wat in Eksodus 32 beskryf word, ruk ons tot die besef dat dit wat daar gebeur het, nie die volk van Israel alleen is nie. Dit raak ons ook. Moses gaan op teen die berg, met Josua wat halfpad berg-op wag. Onder wag die volk onder die leierskap van Aäron. Na ’n tyd se wag raak hulle kriewelrig. Moses bly te lank weg, en as hy wegbly dan beteken dit vir hulle dat God ook wegbly. Die versoek, wat ’n eis word, is: Maak vir ons ’n god wat ons kan lei.

God stuur vir Moses terug om te gaan kyk hoe die volk hulle wangedra en van God se pad afwyk. Moses se terugkeer vanaf die berg laat hom sien wat gebeur het. ’n Goue kalf word aanbid as die volk se god en selfs “’n fees vir die Here!” word uitgeroep. Moses se ontsteltenis is sigbaar as hy die twee kliptafels stukkend gooi, die goue beeld laat fyn maak en die stof daarvan op die drinkwater gooi dat die volk daarvan moet drink.

Moses gaan terug na God om te pleit en homself aan te bied in die plek van die volk. Dit is egter nie hy wat in die plek van die sondaar sou betaal nie. Moses moes die volk lei na die beloofde land en hy kry die versekering dat die engel van die HERE voor hulle sal uitgaan. Die dag wanneer God rekenskap eis, sal Hy die wat oortree tot verantwoording roep. Ons Here Jesus Christus het in ons plek verantwoording gedoen toe God rekenskap geëis het.

*Sing: Psalm 9-1:10*

*Ds. MP Fourie (emeritus)*